# WANNEER DIE WÊRELD DEURMEKAAR RAAK

## ‘n Onveilige Wêreld

Koos van der Merwe | Eden Gemeente | 27 Julie 2025

Soms dink ek ek moet ophou om al die nuuskanale op die internet op my selfoon te volg. Maar ek vermoed, of jy die nuus so slaafs soos ek volg of nie, ons voel almal die wêreld is deurmekaar. En in hierdie deurmekaar wêreld is daar 'n onderliggende, konstante gedreun van onveiligheid. Ons voel dit in die nuus uit die Midde-Ooste, ons voel dit in ons eie land se absurde politiese situasie, en ons voel dit wanneer ons 'n vreemde geluid in die nag hoor. En hoe leef mense wat in dele van die wêreld bly waar aardbewings, orkane, of malaria en ander voortdurende bedreigings uit die natuur ’n daaglikse werklikheid is?...

Maar ek wil vanoggend vir jou sê dat hierdie gevoel van onveiligheid, van kwesbaarheid, meer intiem en diepgaande is as wat ons selfs besef. Die diepste en mees onophoudelike stryd is glad nie 'daar buite' nie. Dit woed, op hierdie oomblik, binne-in elkeen van ons.

### Die oorlog in jou liggaam...

Dink aan jou eie liggaam, nie as iets solieds en stabiels nie, maar as 'n heelal wat wemel van lewe... en konflik. Op hierdie oomblik, in jou ingewande, is daar 'n uitgestrekte, chaotiese metropool van ongeveer 38 triljoen mikroörganismes (38 miljoen miljoen—32000% meer inwoners as die 117 miljard mense wat ooit geleef het). Sommige is bondgenote, noodsaaklik vir jou spysvertering, jou gemoed, jou immuniteit. Maar ander is saboteurs, opportuniste wat wag vir 'n oomblik van swakheid om grondgebied oor te neem en siekte te veroorsaak. Dit is 'n onophoudelike politieke drama van alliansie, verraad en gevegte om gebied te wen, en die uitkoms daarvan bepaal jou fisiese welstand elke liewe dag.

Dink net aan jou bloedstroom. Dit is nie 'n vreedsame rivier nie. Dit is 'n snelweg wat gepatrolleer word deur 'n parraate, waaksame leërmag – jou immuunstelsel. Wanneer 'n vreemde indringer – 'n virus, of 'n enkele kwaadwillige bakterie, of iets toksies – jou buitemure deurbreek, word 'n stil alarm geaktiveer. Swaargewapende infanterie, genaamd makrofage, arriveer om die vyand in te sluk en letterlik te verslind. Spesiale magte, jou T-selle, begin naarstiglik ’n opsporingsveldtog om van jou eie liggaam se selle te soek te vang en dood te maak— daardie selle wat verraaiers geword het toe hulle deur virusse gekaap is om fabrieke vir die vyand te word. In jou liggaan woed daar elke oomblik 'n sellulêre burgeroorlog, ’n geveg tot die dood toe, ’n geveg tusen twee magte, een wat die liggaam beskerm en die ander wat dit wil vernietig. Jou gevoel van kwesbaarheid is nie net 'n reaksie op die nuus nie; dit is in jou eie biologie ingeskryf. Ons is lewende, asemhalende paradokse – uiters fyn ontwerp, en terselfdertyd verskriklik broos.

En dan noem ek nie eers die aanslag teen jou brein, jou gemoed, jou moraliteit, seksualiteit nie. Die informasie-oorlog. Die oorlog, die aanslag teen elke mens, en veral elke kind met ’n selfoon. Ons leef in ’n ’n verskriklike onveilige wêreld.

## Die oorloë in die wêreld...

Asof die biologiese en informasie-oorlog in jou liggaam nie genoeg is nie, kyk ons na ons eie land, is dit deurtrek met van die wêreld se dodelikste geweld en konflik.

Ons bid vir vrede in die Midde-Ooste, ons is ontsteld oor die lewensverlies in die Oekraïne, en tereg so:

- In die deurlopende Rusland-Oekraïne-oorlog, staan die geskatte dodetal op meer as 170 000 sedert die volskaalse inval begin het. Dit is ontstellende getalle.
- In die Israel-Hamas-konflik, is tragies genoeg, meer as 60 000 lewens verloor sedert Oktober 2023, gemidddeld 90 per dag.

## Die oorlog in Suid-Afrika...

Tog, dink hieraan: In Suid-Afrika, in ons eie land, word ongeveer 28 000 mense per jaar vermoor. Ook ons paaie is van die gevaarlikste in die wêreld: ongeveer 12500 mense sterf elke jaar op ons paaie. Dit beteken dat daar elke dag ongeveer 111 mense sterf weens moord of ’n pad-ongeluk. Ons is vir alle praktiese doeleindes in ’n dodeliker oorlog as die Irael-Gaza oorlog. In die twee ure vandat jy vanoggend by die huis gery het tot jy weer tuis is sal ongeveer tien mense hulle lewe verloor, een elke twaalf minute. In die uur en ’n kwart van hierdie diens sal sewe of agt mense sterf.

Hierdie diepliggende, onteenseglike onveiligheid—van die mikroskopiese oorloë binne-in ons liggame, tot die brutale statistieke van geweld in die wêreld en in ons eie land—bring 'n diep hunkering na sekuriteit.

En dit laat ons met die vraag: “As dit die sigbare stryd is, wat is die onsigbare oorlog wat dit veroorsaak?” Die Apostel Paulus, 'n veteraan van elke denkbare gevaar, gee vir ons die antwoord.

Kom ons lees 2 Korinthiërs, hoofstuk 11. Paulus verdedig sy bediening teen spoggerige 'superapostels' wat met hulle krag gespog het. Paulus neem deel aan wat hy 'n 'dwase toespraak' noem. Hy bied sy CV, sy geloofsbriewe aan. Maar dit is anders as enige CV wat jy al ooit gesien het.

### 2 Kortinthiërs 11:23-28

23Is hulle dienaars van Christus? —ek praat in uitsinnigheid—ek nog meer: in arbeid oorvloediger, in slae bo die maat, in gevangenskappe baie meer, in doodsgevare dikwels.

24Vyf maal het ek van die Jode ontvang veertig houe op een na.

25Drie maal is ek met stokke geslaan, een maal is ek gestenig, drie maal het ek skipbreuk gely, ’n nag en ’n dag het ek op die diepwater deurgebring —

26dikwels op reis, in gevare van riviere, in gevare van rowers, in gevare van my volk, in gevare van die heidene, in gevare in die stad, in gevare in die woestyn, in gevare op see, in gevare

onder valse broeders;

27in arbeid en moeite, in slapelose nagte dikwels, in honger en dors, dikwels sonder ete, in koue en naaktheid.

Hierdie is nie pessimisme nie; dis 'n realis se logboek. Onveiligheid was die gewaarborgde gevolg van sy besluit om Christus te volg. Maar dan, ná hierdie lys van uitermatige eksterne gevare, noem hy ’n swaarder innerlike las.

28Behalwe dit alles my daaglikse bekommernis, die sorg vir al die gemeentes.

Vir Paulus was die grootste pyn nie die skipbreuk of die steniging nie. Dit was die innerlike, geestelike gewig van sy missie. Hy wys vir ons dat die stryd wat ons sien, slegs die helfte van die storie is.

**Die groter oorlog…**

Paulus weet daar is groter gevare as die riviere, die rowers, die oproere. Paulus weet hy veg teen iets meer as 'vlees en bloed'. In dieselfde gedeelte trek hy die gordyn terug om ons die vyand se ware strategie te wys, die aard van die oorlog agter die oorlog.

**2 Korinthiërs 11:13-15**

Want sulke mense is valse apostels, bedrieglike arbeiders wat hulle voordoen as apostels van Christus. *En geen wonder nie, want die Satan self vermom hom as ’n engel van die lig. Dit is dus niks besonders as sy dienaars hulle ook voordoen as dienaars van geregtigheid nie. Hulle einde sal wees volgens hulle werke.

Hier is Paulus se diepgaande diagnose: Die grootste gevaar in ons onveilige wêreld is nie toevallige chaos nie, maar doelbewuste misleiding. Dis wel ménse wat Paulus teenstaan en die gemeente mislei en misbruik, maar agter die optrede van hierdie mense is ’n aanvoerder, ’n invloed, iemand wat Paulus wil ontspoor, moedeloos maak, of bitter, of selfs op ’n plek wil bring dat hy twyfel of sy werk vir die Here regtig die moeite werd is. En uiteindelik natuurlik of God regtig bestaan, of geloof nie maar net ’n mens se eie idees en wense is nie.

Die 'engel van die lig' se hoof-aanval is nie die fisiese geweld, die fisiese oorlog, ín en óm ons nie. Dis baie dieper. Maar dit wat ons moet besef is dat die Bose die fisiese geweld ín en óm ons sal gebruik om die dieper geveg te probeer wen.

**Drie waarhede wat jou kan help wanneer aanslae in ’n onveilige wêreld jou tref:**

**1. ’n Kind van die Here is nie immuun teen aanslae nie**

**2 Timótheüs 3:10-12**

10MAAR jy het my navolger geword in leer, lewenswandel, planne, geloof, lankmoedigheid, liefde, lydsaamheid,

11vervolginge, lyding, soos my te beurt geval het in Antiochíë, in Ikónium, in Listre. Watter vervolginge het ek nie al verdra nie! En die Here het my uit almal verlos.

12En almal wat ook godvrugtig wil lewe in Christus Jesus, sal vervolg word.

**1 Petrus 4:12**

[12]Geliefdes, verbaas julle nie oor die vuurgloed (the smelting process which is [operating] among you) *van vervolging* onder julle wat tot julle beproewing dien, asof iets vreemds oor julle kom nie...

Paulus en Petrus sê dis nie iets vreemds nie. Verwag dit.

Ek het met soveel mense gepraat wie se lyding groter is bloot omdat hulle dit nie verwag het nie. Die moontlikheid nie oorweeg het nie. Asof geloof in God lyding onmoontlik maak, verhoed, of altyd vinnig beter behoort te maak. Juis omdat hulle lyding as iets vreemds, iets ongehoords sien, veral vir gelowiges, (dit behoort nie met ware toegewyde mense sleg te gaan nie), word hulle lyding groter. Die skok en die teleurstelling is eintlik lyding óp lyding.

Die aanvánklike lyding vernietig hulle nie. Dis die skok en teleurstelling, die innerlike verwarring, die binne-oorlog wat die groter vernietigingswerk doen, juis omdat hulle glo daar is 'n soort van toewydingsimmuniteit vir ware, toegewyde gelowiges. Die ironie, dit wat jy dink maak jou immuun, jou geloof, lei skade, en maak jou minder veilig, juis omdat jy dink dit vrywaar jou van die stryd van menswees.

Paulus en Petrus sê, "Kom oor dit. Jy gaan swaarkry. As jy vroeg doodgaan is dit sleg, maar as jy gaan oud word kom daar ook lyding. Dis wat dit beteken om mens te wees.

Drie waarhede wat jou kan help wanneer aanslae in 'n onveilige wêreld jou tref:

1. 'n Kind van die Here is nie immuun teen aanslae nie

**2. Aanslae kan jou 'n beter mens maak.**

**Romeine 3:3-5**

3...ons roem ook in die verdrukkinge, omdat ons weet dat die verdrukking lydsaamheid werk,

4en die lydsaamheid beproefdheid en die beproefdheid hoop;

5en die hoop beskaam nie, omdat die liefde van God in ons harte uitgestort is deur die Heilige Gees wat aan ons gegee is.

**1 Petrus 1:6-7**

[6]Daarin verheug julle jul, al word julle nou—as dit nodig is—'n kort tydjie bedroef onder allerhande beproewinge,

7sodat die beproefdheid van julle geloof, wat baie kosbaarder is as goud wat vergaan maar deur vuur gelouter word, bevind mag word tot lof en eer en heerlikheid by die openbaring van Jesus Christus...

In swaarkry kan jy veredel:

Selfkennis

Lewenswysheid

Empatie

Vertroue

Deursettingsvermmoë

Nederigheid

- 
  Min dinge leer jou meer van wie jy is as swaarky. Jy leer jou eie hart ken. Min dinge gee jou meer lewenswysheid as om swaarkry te leer hanteer.
- Min dinge maak jou meer empaties met ander mense se pyn as jou eie pyn.
- Min dinge leer jou om alleen op God te vertrou, soos swaarkry.
- Min dinge maak jou so sterk as om ten spyte van emosies, teleurstelling, verlies, steeds te bely dat die Here jou Helper is, jou Redder, getrou is.

Mense kan vra, “Maak lyding jou altyd 'n beter mens?”

Die antwoord is natuurlik nee. Ons weet swaarkry kan mense breek. Hard en lelik en sinies maak.

Daarom is die belangrikste waarheid wat jou kan kan help wanneer aanslae in ’n onveilige wêreld jou tref:

(1. ’n Kind van die Here is nie immuun teen aanslae nie

2. Aanslae kan jou ’n beter mens maak.)

**3. In aanslae kan jy God se nabyheid op ’n nuwe manier ervaar.**

**Jesaja 43:1-2**

Wees nie bevrees nie, want Ek het jou verlos; Ek het jou by jou naam geroep; jy is myne!

2As jy deur die water gaan, is Ek by jou; en deur die riviere—hulle sal jou nie oorstroom nie; as jy deur vuur gaan, sal jy jou nie skroei nie, en die vlam sal jou nie brand nie.

Onthou jy wat Nebukadnésar gesê het toe Daniël se drie vriende in die brandende oond was?

**Daniël 3:25**

Kyk, ek sien vier manne los binne-in die vuur wandel sonder dat daar 'n letsel aan hulle is; en die voorkoms van **die vierde lyk soos dié van 'n godeseun.**

Die woord vir god: Elohim. Hy lyk soos 'n seun van God.

In vers 28 sê hy,

**Daniël 3:28**

... [dis] die God van Sadrag, Mesag en Abednégo, wat sy engel gestuur en sy knegte verlos het...

Die OT praat soms van 'n engel en soms van die Engel van die Here. Laasgenoemde is altyd 'n verwysing na die verskyning van God in liggaamlike gestalte... 'n gepreïnkarneerde manifestasie van Jesus self.

Hoe kan jy in in die swaarky in 'n onveilige wêreld veredel word soos goud?

Hoe meer jy glo en verstaan dat Jesus deur die grootste vuuroond van onveiligheid vir jou gegaan het hoe meer sal jy in jou kleiner vuuroonde kan glo en beleef dat Hy saam met jou in die vuur is.

Kyk na Christus in Getsémane. Hy weet van onveiligheid. Omdat Jesus naby aan die grootste vuuroond was, die ergste lyding wat daar kan wees: om vir ewig verwyder van God te wees, hel. 'n Baie erger oond as Nebukadnésar s'n, en baie erger swaarkry as die lys van Paulus wat ons gelees het. Dis wat Jesus se siel met afsku vervul het: om te voel Hy is vir ewig verwerp, verwyder van sy Vader, asof Hy 'n sondaar is. Dis hoekom Hy bloed gesweet het. Want Hy het geweet, Hy gaan beleef wat ek en jy moes beleef.

Hoor wat sê Nebukandnésar...

**Daniël 3:29**

...omdat daar geen ander god is wat so kan verlos nie.

Ons weet wat sy woorde beteken (al het hy self nie geweet nie.)

Ons kyk na daardie oomblik van die drie vriende by wie die Engel van die Here is met die kennis van wat op Golgota gebeur het. Ons sien daar is geen god wat so verlos nie. Wat namens ons kom ly nie.

Ander godsdienste sê jy moet lyding hanteer, of probeer verhoed deur 'n goeie lewe. Maak so, doen hierdie goeie dinge dan sal God jou help. Dis hoe jy gered word. Lewe 'n goeie lewe.

Maar as dit jou oortuiging is, wat gebeur met jou as die onveilige wêrels se onvermydelike swaarkry jou seermaak?

Jy sal 'n gebreekte mens sonder geloof word deurdat jy God sal haat of ophou glo Hy bestaan. “Ek leef 'n goeie lewe. As God bestaan, hoekom gebeur hierdie met my?”

Of jy sal 'n gebreekte mens sonder geloof word deurdat jy jouself begin verwyt. “Dis omdat ek nie 'n goeie lewe geleef het nie.”

Maar na die kant toe of na daardie kant toe, vir seker sal jou lysie van swaarkry, al lyk dit nie soos Paulus s’n nie, die onveilige wêreld sal jou vernietig. Redding deur verdienste maak die onveilige wêreld 'n plek wat mense vir ewig kan vernietig.

Maar as jy in hierdie onveilige wêreld onthou dat Jesus reeds deur die mees ondenkbare lyding vir jou gegaan het, die ergste stryd en aanslag wat daar kan wees, die ergste oorlog, as jy dit onthou en daaraan vashou, dan sal hierdie onveilige wêreld, hoe erg dit jou ook mag raak, jou nie kan vernietig nie.

“Ek het nou, soos Paulus, stryd, maar ek kan die Here vertrou om naby my te wees, en my te veredel. Hy het gely sodat die lyding van verdoemenis en verlorenheid my nooit sal kan tref nie, maak nie saak wát in hierdie onveilig die wêreld met my gebeur nie, en Hy het óók gely sodat wánneer ek ly, ek meer soos Hy sal word.”

Philip Yancey skryf in sy boek, Where Is God When It Hurts?, van Brian Sternberg, 'n atleet. Drie weke na hy die wêreldrekord in paalspring verbeter het neem hy weer deel en toe hy val na sy sprong breek hy sy nek. Hy word 'n kwadrupleeg.

Minder as 'n jaar daarná vra 'n baie bekende tydskif hom om 'n artikel te skryf oor hoe hy as belydende Christen deel met die feit dat hy nou in 'n rystoel is?

Die laaste vier sinne van sy artikel:

"Having faith is a necessary step toward one of two things. Being healed is one of them. But peace of mind, if healing does not occur, is the other. Either one will suffice.” Brian Sternberg

Geloof om gesond te word. Geloof om vrede in my gemoed te hê. *Either one will suffice.* Ons weier om ons rug op God te draai in hierdie krisis van ons lewe.

Die wêreld is onveilig, maar eintlik is jý nooit onveilig nie…

**Jesaja 43:1-2**

Wees nie bevrees nie, want Ek het jou verlos; Ek het jou by jou naam geroep; jy is myne! As jy deur die water gaan, is Ek by jou; en deur die riviere—hulle sal jou nie oorstroom nie; as jy deur vuur gaan, sal jy jou nie skroei nie, en die vlam sal jou nie brand nie.

Wat is ons hoop?

Ja, ons leef in 'n onveilige wêreld. Ons liggame is slagvelde. Ons samelewing word gekenmerk deur konflik. En daar is 'n geestelike oorlog van misleiding wat rondom ons woed. Waar is die hoop?

Die hoop is dit: Die deurslaggewende veldslag is reeds gewen.

Die geestelike oorlog is werklik, maar die uitslag is nie in twyfel nie. In Kolossense 2 skryf Paulus dat Jesus aan die kruis...

**Kolossense 2:15**

...die owerhede en magte ontwapen en hulle in die openbaar ten toon gestel en deur die kruis oor hulle getriomfeer het.

Satan mag homself as 'n engel van die lig vermom, maar Christus is die ware Lig van die Wêreld, en Hy het reeds die oorwinning behaal.

En omdat Hy gewen het, is ons vir ewig veilig. Dit is waarom Paulus daardie triomfantlike woorde in Romeine 8 kan skryf, nadat hy sy eie swaarkry gelys het:

**Romeine 8:38-39**

Want ek is versekerd dat geen dood of lewe of engele of owerhede of magte of teenwoordige of toekomende dinge of hoogte of diepte of enige ander skepsel ons sal kan skei van die liefde van God wat daar in Christus Jesus, onse Here, is nie.

Corrie ten Boom, wat die hel van 'n Nazi-konsentrasiekamp verduur het, het dit die beste gesê:

“Daar is geen paniek in die Hemel nie! God het nie probleme nie, net planne.”

Corrie ten Boom

Kom ons eindig met ’n episode van een van die aanslae teen Paulus...

**Handelinge 9:22-25**

Maar Saulus het al meer krag ontvang en die Jode wat in Damaskus woon, in die war gebring deur te bewys dat Hy, Jesus, die Christus is.

En ná geruime tyd het die Jode beraadslaag om hom om te bring.

En hulle plan het aan Saulus bekend geword. En hulle het die poorte dag en nag bewaak, dat hulle hom kon ombring;

maar die dissipels het hom geneem en in die nag deur die muur neergelaat deur hom in ’n mandjie te laat afsak.

Paulus hang in 'n mandjie in die middel van die nag. Dit lyk na nederlaag. Vernedering. ’n Patetiese mislukking.

Miskien voel jy soms so. So kwesbaar. So verwerp. Dalk verward. Heeltemal afhanklik, buite beheer...

Maar Paulus het aangehou. In ’n onveilige wêreld het Hy sy roeping uitgeleef. Sy doel bereik. Uiteindelik is hy vermoor toe hy jonger was as wat ek vandag is.

Maar Paulus sal steeds vir my en jou sê, ”Ek is versekerd dat selfs geen dood my, of jou, kan skei van die liefde van God wat daar in Christus Jesus, onse Here, is nie.”

Paulus hang in ’n mandjie, en jare later kon hy nie meer ontvlug nie, hy word vermoor in hierdie onveilige wêreld, maar dis nie 'n prentjie van nederlaag nie. Die Paulus in die mandjie, vlugteling, en uiteindelik vermoorde, is die perfekte ikoon van 'n missionele geloof: heeltemal afhanklik, volkome kwesbaar, en ten volle vasgehou deur die krag van God, terwyl hy floreer, tot die dood toe, in 'n gevaarlike wêreld.